Ps. 138: 1, 3. **Vroeër Duisternis – Nou Lig** | Pta-Oos V.6. Naguel 28 Okt. '50.

Ges. 80: 1, 2, 3. Efese 4:17 – 5: 8 „By U is ..." Sannieshof Okt 57.

" 65: 1, 2, 3.

Efese 5: 8 – Want vroeër was julle duisternis, maar nou is julle lig in die Here.

Die absolute eerlikheid waarmee d. Wd. v. G. d. mens benader & beskrywe, kom elke keer opnuut tot ons as 'n verfrissende uitdaging wanneer ons d. Wd v. God laat spreek. Dis seker een v.d. redes waarom baie mense bang is vir die Bybel: omdat d. helder verblindende lig wat dit laat val i/d donkerste hoekies van ~~ons~~ hulle lewens, geen kans bied vir skuiling of ~~'n~~ skynheiligheid. Om dieselfde rede word baie ander mense deur d. Bybel bekoor: omdat dit hulle uitdaag om uit te kom uit al d. skuilhoeke van sonde en te staan in 'n nuwe lig.

Ons merk dit veral wanneer Paulus as gesant v. God skrywe aan d. gemeentes v.d. C. Ook in hd. brief v. Efese: eers d. rykdom geskilder v.d. nuwe lewe in God (hfs. 1–3) dan d. uitdaging om i/d. nuwe lewe te wandel (hfs. 4–6). Hy bou dit op d. vermaning: 5 vs 8 –

## I Die Volslae Verborgenheid waarin hulle eers verkeer het.

① Wanneer was dit?: „vroeër" – (cf. 4:17) Daar was 'n tyd toe hulle saam m. al d. heidene om hulle in duisternis geleef het. Hoewel P. nie in besonderhede daarop ingaan nie, probeer hy dit nie wegsteek

of ontken nie: wrede werklikhd v. 'n lewe i/d sonde! Watter bemoediging vir elke verloste, ja meer nog vir elke ongeredde sondaar om te weet: niemand se rekord skoon – niemand nog tot eie roem – selfs die diepsgevallene het hoop op redding & nuwe lewe! Kan u sê: VROEËR – of NOU?
(2) Wat was dit: Teks: was so een m. sonde dat hulle nie net in d. duister was nie, mr. dat hulle self duisternis geword het!
a) Duister v. Sondige Lewe: Paulus noem hier iets v.dd. lewe: onsedelikhd, dronkenskap diefstal, afgodery (aanbidding v geld).
→ Nog altyd d. duid. bewys v. lewe sonder O – lewe i/d duister!
b) Duister v. Sondige Gesprekke: Paulus: „vuil woorde", „geskreeu en laster", „dwase en lawwe praatjies": d. ligsinnige & oppervl. dinge waarmee mense hulle soms besig hou – openbaring v.d. gebrek aan diepte in eie lewe! (Kwessie v. gesonde skerts & gesonde humorsin)
→ Mense se maklik vloek ens.
c) Duister v. Sondige Motiewe: Hier waar d. duister eintlik heers: „Verdwaasdhd v.d. gemoed", „verduistering v.d. verstand", „verharding v.d. hart" – „hebsug", „toorn" „begeerlikhede v.d. verleiding"
→ Hoe diep gryp hd. dinge nie in ons lewes in nie! Waar: ons lewes moet skoon wees – ons gesprekke moet verhewe wees – Maar is in lewe en woord alles skynbr reg terwyl i/d verborge dieptes v.d. hart daar skuil: haat, jaloesie, eiesinnighd, hoogmoed, vrees, minderwaardighd! Is dit nie hier, i/d onsigbare dieptes v. ons inn. verborge lewe, dat d. duisternis soms d. meeste heers?
(3) Wie was dit: „Julle" – Paulus sê dit nie in toorn, in woede, in leedvermaak mr. as tydige waarskuwing dat hulle nie in hoogmd & liefdelose kritiek moet verval!
→ Ons: „Julle" – „waar het God my gaan haal?" –

II Die Verlossende Verligting wat in hulle Nou Lewe: Watter krag gaan daar uit v.d. woordjie: „Nou" – herinner hulle dat dd. lewe vir altyd verby – kan nooit weer daarna terugkeer, al wil hulle ook. Van hulle waar (Ges. 156:4):
„Heidene, langs wêreldwee / op 'n dwaalspoor voortgegaan // Straal d. lig al ligter na hul toe / Heer, u breek vir hul d. baan!
Die lig het kom daag in hulle harte: nie net verlig, ook nie net in d. lig, mr. self lig geword
→ Vb. v.d. demskynende skulp: Mooi i/d lig, nog mooier wat in belig, op sy mooiste wat self 'n lig!
Dis wat hier gebeur het ...

Nooit het hd. mense kon dink dat so iets moontlik is of sou wees: die verrassende heerlikhd van hd. hemelse ontdekking!

→ U eie lewe so?

III Die Geheim van hd. Lewensverandering:

Geleë in die eenv. wde: „in die Here"

- Hulle verhouding tot Kt.:

  „d. lig v.d. wêreld"

- Hulle gemeenskap m. Kt:

→ Die vrug van hd. lewe:

⟹ Lewe — Woord — Gesindhd

dankbd, blydskap, vrede!

→ Dd. vrug in u lewe? Dd. lig in u hart? So ja, dank —— so nie — bid & wag ~~totdat~~ God dit skenk?

Amen.